



## 'n Liefdesbrief van Jesus aan Sy Bruid.

Ek wens daar was 'n manier dat ek in woorde kan omsit die liefde wat Jesus vir elkeen van ons voel... Ons is almal op aarde om een keuse te maak en daardie keuse is om te kies wie ons wil aanbid en elkeen gaan daardie keuse maak; party gou; ander eers later. Sommige gaan verkeerd kies en daaraan kan ons niks doen nie, want dis die een keuse wat elkeen vir homself moet maak en niemand kan jou daarmee help nie.

Dit maak die dag toe jy vir Jesus gekies het soveel meer spesiaal! Jy het vir Jesus gekies uit die vryheid van jou eie keuse! Die skepping het uit eie vrye keuse besluit om terug te keer na die Skepper! Daardie dag het tyd vir Jesus stil gestaan. Sy Vader Hart het met trots geklop en die engele het halleluja gesing!

Jesus wys elke dag hoe lief Hy jou het op verskillende maniere. Soms met 'n mooi sonsondergang, soms met 'n voëltjie wat sing, soms deur die Heilige Gees wat oor jou kom. Hy het jou oneindig baie lief, meer as wat jy ooit in woorde sal kan uitdruk en jy mag dit nooit vergeet nie!

Dink jy dat Jesus vir jou sal jok of jou ego sal streel? Dink jy Jesus het bymotiewe in Sy hart of dat Hy jou miskien manipuleer? Nee, natuurlik nie, maar Hy weet hoe om met ons te praat en hoe om ons aandag te kry en hierdie boodskap is een manier!

Ons almal voel op een of ander stadium laag in ons lewens soos baie van julle nou voel en dan gryp ons na die sekuriteit van die verlede; veral as die geestelike lewe vir jou te veel word en jy voel jy is besig om te gly. Dan begin jou oë dwaal na dit wat vir jou bekend was, veral na wêreldse dinge en geldelike besittings, maar dis nie nodig vir jou om terug te keer na die vuilshope van sonde in jou lewe nie! Jy is soveel meer werd as dit en die verlede pas glad nie meer by jou nie!

Natuurlik maak satan gebruik van hierdie onsekerheid in jou lewe, want hy is 'n opportunist! Hy sien 'n geleentheid om jou te laat val en hy gebruik dit! Baie van ons dink dat as ons net dit kan hê of net dat kan hê, dan gaan ons genoeg hê, maar dis 'n gejaag na wind... Sodra jy by daardie punt kom wat jy alles het wat jy graag wou hê, dan is daar iets anders wat blinker is... Dan begin die siklus weer van voor af en so vind

jy dat jy nooit genoeg sal hê nie!

Met hierdie slagyster vang satan miljoene terwyl die geheim is om tevrede te wees met wat jy het! Jesus se liefde is al wat jy nodig het en die dag wat jy Hom gekies het, het jy alles gekry wat jy ooit nodig sal hê in die lewe.

Jy is so ongelooflik mooi vir Jesus. Die feit dat jy val is maar net 'n teken van jou menslikheid. Moenie jouself slaan as jy val nie. Staan eerder op; hou aan met loop en wees tevrede met jou kleinheid. Jy is die laaste in die huis en jy kies ook altyd 'n plek heel agter. Hou aan om dit te doen, want dis die regte houding om te hê. Wees getrou hierin, want hoe kleiner jy is, hoe kosbaarder is jy vir Jesus en daaraan mag jy ook nooit twyfel nie!


Jesus sê: *"My Kinders, as julle wegbreek van die wêreld en julle lewens sonder voorbehoud aan My toevertrou, dan stort Ek inderdaad trane van blydschap en sing Ek 'Hoe kan dit wes dat jy aan My behoort?'"*

Prys die ongelooflike wonderlike Naam van Jesus!

---

### [Alles gaan oor jou geloof](#)

30 November 2021



Soms Jesus verbaas my... dan staan ek in totale verwondering oor die liefde van 'n Vader so groot dat ons dit nie met ons menslike verstande kan begryp nie.

Ons raak so vasgevang in ons eie lewens, ons eie oortredinge en alles wat met ons verkeerd gaan dat ons vergeet hoe groot die Vader se liefde vir ons is. Dis 'n liefde wat deur alles vloei, alles weg was en alles vergewe. Maak nie saak hoe beswaard, hoe bemoeid of hoe verslane jy is nie, jy kan enige tyd teruggaan na Jesus en sê: "Help!" en hulp sal dadelik beskikbaar wees!

Is dit nie 'n liefde so groot dat 'n mens nie daarom kan vat nie? Is dit nie 'n liefde so diep dat die diepte daarvan nie bepaal kan word nie? Dit kan nie beskryf of

verduidelik word nie. Is Jesus nie waardig om geprys te word nie! Halleluja! Koning van die Konings en Here van die Here!

Ek verstaan nou een honderd persent waarom Jesus vir so baie gesê het: "Gaan, jou geloof het jou gered!" Dit gaan nie oor hoe 'n skoon en voorbeeldige lewe jy vir Jesus lei nie. Dit gaan juis oor daardie stukkende emmer met al die gate wat die helfte van sy water uitlek voor dit by die huis kom. Die wat dink dat hulle so stukkend is dat hulle vir niks goed is nie, behalwe om op die ashoop van die lewe gegooi te word nie.

Kyk na Jesus se woorde in Lukas 4:19 *"Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig."*

Is jou hart vandag verbryself of gebroke, liewe leser? Soek jy vrylating van jou omstandighede? Het jy sig nodig om tye sien waarheen jy op pad is? Dan is Jesus die antwoord vir jou!

Hou op om te konsentreer op jou eie swakhede. Ja, jy is swak en ja, jy is 'n sondaar en ja, jy verdien die ewige dood! Raak gewoon daaraan! Maar jy is ook 'n sondaar wat genade gevind het in die oë van die Vader! Dit vertel satan nie vir jou nie, want hy hou daarvan om te hamer op jou swakhede en jou te vertel hoe swak jy is. Onthou, by 'n leuenaar sal jy nooit die waarheid hoor nie! Hou daarom op om vir hom te luister!

Jesus het jou oneindig lief net soos jy is; met krake en sonde en al! Daardie liefde is so strek dat Hy bereid was om in jou plek te sterf! Dink jy nog steeds dat jou sonde so groot is dat dit nie vergewe kan word nie? Dink jy nog steeds dat jou sonde vir Jesus belangrik is? Nee, een duisend maal nee! Hou daarom op om te fokus op dit wat van geen belang meer is nie. Die ou dinge is begrawe! Vergete! Hou op om dit aanmekaar te wil opgrawe! Al wat jy gaan kry is 'n groot stink!

Ons is Kinders van Jesus! Ons is nuwe skepels en nuwe skepsels het geen belang in dit wat was nie. Dis die verlede. Dit het gebeur en dit was vreeslik gewees, maar nou is ons nuut gevorm, nuut in Jesus! Die ou dinge het geen betekenis meer vir ons nie.

Ons is in die laaste oomblikke en satan word nou toegelaat om sterker te wees, maar hy is nog steeds nie sterker as die Een wat hom dit toelaat nie. Moenie vir satan prys oor hoe sterk hy is nie; prys vir Jesus omdat Hy sterker is!

Dra jou kruis met waardigheid! Dit gaan nie vir altyd aanhou nie. Wandel in geloof, nie volgens sig nie.

Prys die Naam van Jesus!

---

[Waarom kan dit nie net maklik wees nie?](#)

30 November 2021



Waarom kan die lewe nie net maklik wees nie is 'n vraag wat ons almal seker al 'n paar keer gevra het...

Ek ook, want net soos julle raak ek ook moeg, gefrustreerd en kwaad want ons is nog steeds mense en dis menslik om so te voel. Ek het hierdie vraag vir Jesus gevra en Sy antwoord was dat as dit maklik was, dan sou die plantjie nie gegroei het nie...

Iemand het eenslag vir my gesê dat 'n mens die somtotaal van al sy ondervindinge is en dis absoluut waar! Hoe weet jy dat vuur warm is en dat as jy daaraan gaan vat, jy gaan seerkry? Dis omdat jy dit iewers op een of ander stadium van jou lewe probeer doen het. Dit was een ondervinding daardie waaruit jy geleer en gegroei het.

Iemand het eenslag vir my gesê dat 'n mens twee leuens moet vertel om een leuen na die waarheid te laat lyk. Daarna gaan jy vier leuens moet vertel om die vorige twee na die waarheid te laat lyk en so raak die probleem al hoe groter. Later is jy so verstrengel in die leuens dat jy nie meer weet wat die waarheid is en wat nie! Dis waarom dit beter is om die waarheid te praat, want dan hoef jy jou nooit te bekommer oor wat jy vooraf gesê het nie! Hierdie is ook 'n ondervinding waaruit ons almal leer en uiteindelik groei.

Met ons geestelike kant gaan dit presies dieselfde. Die dag as ons tot bekering kom, dan begrawe ons die ou mens. Die saadjie word begrawe sodat dit kan sterf, maar dis nie iets om oor hartseer te voel nie, want uit hierdie saadjie wat gesterf het, groei daar 'n nuwe plant in Jesus! Prys Sy Naam!

Jesus het vir ons die gelykenis van die Mostert saad vertel. Dis een van die kleinste saad soorte wat daar is, maar uit daardie klein saadjie groei 'n magtige boom waarin die voëls later kom nes maak! Dis 'n direkte vergelyking met ons as Kinders van die HERE. Die dag as ons die ou mens begrawe is ons klein, maar dan sterf ons en dan begin die groei proses in die Gees wat nooit ophou nie. Is Jesus nie wonderlik nie?

Hierdie groei proses is vir elke mens uniek. Nie een van ons groei op dieselfde manier nie. Die belangrikste is egter dat ons vir Jesus groei en dis waarop ons moet konsentreer. Ons konsentreer hopeloos te veel op die omstandighede as wat ons op Jesus konsentreer en dis waarom ons terneergedruk en verslaan voel.

Ons is Kinders van die HERE eerste en dan is ons in die wêreld. Wat in die wêreld

aangaan is nie veronderstel om enige effek op ons te hê nie, want die Een wat in ons is, is sterker as alles! Dis waarom niks met jou sal gebeur sonder die Wil van die Vader nie. Jy sal nie eers jou werk verloor sonder die Wil van die Vader nie! En as dit die Wil van die Vader is, dan sal die Vader sorg vir 'n ander uitweg vir jou!

Ons loop 'n pad saam met Jesus en soms is dit beter om agter op daardie tandemfiets te gaan sit en vir Jesus te sê: *"HERE, bestuur U, en ek sal net trap."* Hierdie is die boodskap vir iemand wat vandag hierdie lees. Klim 'n slag voor van die fiets af sodat Jesus 'n slag kan stuur. Begin jy om net te trap. Gee vir Jesus volle beheer oor jou lewe sodat Hy jou uit hierdie donker woud waarin jy is kan uit stuur. Moenie bekommerd wees as die paadjie soms nou word of daar groot klippe in die pad is nie. Onthou; Jesus ken die geheime van fietsry en Hy sal jou daaruit kry op Sy manier! Prys Sy Naam!

Raak nou stil voor die HERE en geen beheer oor aan Hom wat jou meer lief het as wat jy ooit met jou menslike verstand sal kan verstaan. Dis die enigste manier hoe jy hieruit gaan kom.

Prys die Wonderlike Naam van Jesus! Geseënd is die wat hierdie boodskap lees en dit toepas! Jesus se rykste seën vir almal!

---

### [Het jy My lief?](#)

30 November 2021



Mag die HERE julle versterk met bonatuurlike krag is al die besluite wat julle vandag moet neem.

Om 'n breek te maak weg van die wêreld af gaan beteken dat sommige vir hulleself sterf gaan moet sterwe omdat hulle 'n lewe van korrupsie lewe. Om die breek te maak kan vir sommige baie moeilik wees, maar vir ander gaan dit kom in kleiner dosisse. Die HERE ken elke siel en weet wat goed is vir elkeen van ons. Daar is geen kortpaaie nie, net gehoorsaamheid. Die vraag wat die HERE dus vra is: *"Het jy My lief? Laat dan my skape wei."*

Baie mense besef net nie dat die HERE omstandighede in hulle lewens toelaat omdat dit die volgende stap na heiligmaking is nie. Dis omdat hulle dink in terme van sukses, sekuriteit, vrede en geluk soos die wêreld dit het.

Voor ons egter hierdie dinge kan hê: regte vrede, regte sekuriteit en werklike sukses, moet ons eers die ongetemde landskap wat ons eie opinie is oorwin. Ons weë is nie die HERE se weë nie, op dieselfde manier wat 'n tweejarige kind se lewens keuses nie ons lewens keuses is nie.

As jy 'n kind laat doen wat hy of sy wil, dan gaan jy in 'n ommesientjie met groter probleme sit as wat jy ooit gedink het jy kan hê. Dis waarom die HERE vir ons ouers gegee het, want hulle ken die pad na ware sekuriteit. Net so ken die HERE wat ook ons Vader is die pad na ware sekuriteit.

Om groot te word is geen maklike taak nie. Jy val op meer maniere om op te noem soos jy leer om te loop, te swem, huis werk doen, toetse aflê, te bestuur en nog baie meer. Op dieselfde manier is dit geen maklike taak om groot te word in die geestelike wêreld nie. Om nee te sê vir die vleeslike is net die een been van jou reis. Die ander is om jou kruis op te neem en die HERE te volg, maar jy kan nie die HERE volg voor jy nie nee gesê het vir die vleeslike nie. Wat soos dwaasheid vir die wêreld lyk is die toppunt van wysheid van die HERE. Om hardnekkig aan jou eie manier van dinge vas te hou is die toppunt van dwaasheid.

Daar is twee vlakke van gehoorsaamheid aan die HERE. In die eerste geval kies iemand om gehoorsaam te wees gebaseer op wat hy in die Bybel gelees het en op die voorbeeld wat ander daar gestel het. In die tweede geval soek 'n siel wat leeg is die HERE en as hy Hom vind, vra hy wat die HERE wil hê hy moet doen. Hierdie is die beter manier omdat so iemand outomaties al die slaggate wat in die eerste geval sal opduik, vermy.

*“Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood.”*  
(Spreek 14:12)

Iemand wat sy lewe geheel en al in die hande van die HERE gee sal nie in enige slag gat val nie, maar om dit te kan doen, mag jy geen wil van jou eie of enige opinie hê nie.

Dis nie die HERE se wil dat enige een van ons moet swaar kry nie, maar tensy ons die weg van die Kruis volg, kan ons nie vertrou word met die gawes wat die HERE aan ons wil gee nie. Al wat sal gebeur is dat ons hierdie gawes sal besoedel met ons eie wil en dit so aan ander leer. Die houvas wat eie wil en intelligensie op die mens het, moet eers gebreek word.

As 'n siel bereid is om dom te lyk vir die wêreld, maar optree uit geloof uit, dan kan hy vertrou word met die groter gawes van die HERE. Dis waarom die wat graag mense wil leer vermaan word, want hulle sal strenger beoordeel word as die wat nie leer nie.

Vir die wat wonder; die HERE is besig om ons te toets, want Hy wil sien hoe diep ons toewyding gaan. Daar kom 'n tyd wat ons gaan uitblink vir die HERE, maar eers gaan ons moet leer om die bekende te laat gaan en net op die HERE te vertrou; dat Hy weet wat die beste vir ons is. Hierdie toetse gaan ons plasing in die hiernamaals bepaal en of ons bereid is om die HERE met ons hele hart te dien en of ons net vir Hom toegang tot sekere dele van ons hart gaan gee.

Is jy dus bereid om die HERE toegang tot jou hele hart te gee of gaan jy Hom net toegang tot 'n gedeelte gee deur 'n streep te trek en te sê: "Nie verder nie, HERE!" Dis die vraag wat jy vir jouself moet vra.

Mag die HERE julle seën!

---

### [Satan is gebind; verslaan!](#)

30 November 2021



*“Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.” (Romeine 12:19)*

Satan is 'n krimineel en daarom sal geen wapen wat teen jou gesmee word, ooit slaag nie. Ons het gekies om die HERE te volg en Hom alleen te dien. Sal die HERE ons dan nie teen satan en sy volgelinge beskerm nie?

Satan verstaan nie dat hy klaar oorwin is nie. Dis waarom hy so bly is oor elke Christen wat hy laat struikel. Die engele wat saam met hom geval het, kan nie meer gered word nie. Hulle lot is verseël en dit sal die poel wees wat brand met vuur en swawel. Die wat deur satan versoek word, kan egter gered word en dit is waarom ons moet bid vir ons vyande.

Siele wat van die HERE af wegdraai om satan te volg, kan nog steeds gered word. Hulle kan selfs agterna die hoogste posisies in die Koningryk van die HERE bereik, maar dan moet hulle hulle vyande vergewe, satan en sy werke afsweer, die HERE aangryp met alles wat hulle het en nooit weer terugkeer nie. Die HERE sal hulle herstel en Hy sal hulle beskerm, maar net as hulle die pad voluit loop.

'n Siel wat besluit om terug te draai kan nie meer beskerm word nie. Solank as wat hulle in die skaapkraal bly, kan geen leeu of wolf hulle daaruit kom haal nie, maar as hulle oor die heining klim om terug te keer na hulle ou manier van doen, dan is hulle kwesbaar.

Die HERE soek 'n verhouding met jou wat hierdie lees. Hy wil hê dat jy Sy Vader jou Vader moet noem omdat Hy jou oneindig baie lief het en omdat jy uit hom gemaak is. Dis net so pynlik vir die HERE om een te verloor wat Hom dien as wat dit is vir een wat Hom nie dien nie. Die HERE het ons almal onvoorwaardelik lief, ongeag wie jy is.

Die HERE doen vandag 'n beroep of julle wat afgedwaal het om na Hom terug te keer. Maak nie saak hoe groot jou sonde lyk nie en dit maak nie saak wat jy alles gedoen het nie. Jy is 'n kind van die Vader en Hy verlang na jou. Hy wil jou teen Sy bors vasdruk en troos. Hy wil jou genees. Hy wil jou leer. Hy wil jou vergewe en verlos van dit wat jou gebonde hou. Alles wat 'n goeie vader vir sy kind sal doen, wil die HERE vir jou doen omdat jy Sy geliefde kind is.

Keer terug na die HERE en laat Hom toe om jou te lei en jou die ware betekenis van liefde te wys. Jy sal daarna nooit weer smag na liefde nie, want die HERE sal voorsien soos manna uit die Hemel. Gee Hom net 'n kans! Dis al wat Hy vra.

Baie van julle is bang om na die HERE terug te keer. Baie van julle het nog net tragedie in julle lewens ervaar. Baie van julle weet nie wat dit is om 'n liefdevolle vader of moeder in julle huise te hê nie. Julle is bang om uit te kom, selfs al voel julle die behoefte daarna.

Onthou, satan is soos 'n hond aan 'n ketting en die HERE hou die ander punt styf vas. Hy kan niks verder gaan as wat die HERE hom toelaat nie en daarom sal die HERE jou vrystel en jou beskerm van satan as jy Hom volg.

Die van julle wat gereelde lesers is sal weet hoe baie keer ek al geskryf het oor die liede van die HERE. Julle ken Hom en julle weet wat se liefdevolle HERE Hy is. Julle weet ook hoe bereikbaar Hy is en dat Hy altyd gereed staan om jou jou oortredinge te vergewe.

Ten spyte daarvan het baie van julle van die HERE weggedraai omdat julle 'n geliefde aan die dood afgestaan het. Jy het by jouself geredeneer: *"As Jy God is, waarom het hy of sy gesterf? Aanbid ek jou dan nie?"* Maar jy het nie dieselfde inligting as die HERE nie. Jy weet nie wat sou gebeur het as die HERE daardie persoon nie teruggeroep het Hemel toe nie. Jy verstaan nie, omdat jy klein is en die HERE jou in die skoot van jou moeder gevorm het.

*"Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My weë hoër as julle weë en My gedagtes as julle gedagtes."* (Jesaja 55:9) Daar is 'n goeie rede waarom dinge in jou lewe gebeur, maak nie saak hoe moeilik dit is om te verwerk nie. Sommige daarvan het te doen met jou redding en waar jy die ewigheid gaan spandeer.

Alles wat goed is van die persoon wat jy aan die dood afgestaan het, is 'n weerkaatsing van God se liefde vir jou. Het daardie persoon alles wat jy is liefgehad? Wou daardie persoon elke oomblik saam met jou spandeer? Die HERE wil dit en baie meer doen! Sou daardie persoon enige iets vir jou doen? Die HERE ook, daarom was Hy bereid om soos 'n krimineel behandel te word en aan 'n houtkruis te sterf sodat jy nie verlore hoef te gaan nie. Was daardie persoon bereid om jou te beskerm? Net so doen die HERE ook, alhoewel ons nooit weet hoe naby ons partykeer aan die dood kom nie. Was dit lekker om saam met daardie persoon te wees? Dis net so lekker om saam met die HERE te wees en as jy daardie verhouding wil smee dan wag die HERE vir jou. Het daardie



persoon vir jou gesorg? Die HERE doen dit ook, alhoewel ons dit nie raaksien nie.

Onthou, daar is geen toeval in die lewe nie, net God Voorvalle.

Prys die Naam van Jesus!